Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

*AFRFA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**BOELIES OP SOSIALE MEDIA**

1 Daar is ŉ nuwe gevaar wat kinders direk raak.

2 Ons vind boelies nie meer net op skoolterreine nie. Dit gebeur daagliks dat tieners hulle maats ook in die kuberruim (*cyber space)* boelie. ŉ Selfoon, tablet of rekenaar met internet kan ŉ wapen in ŉ tienerdogter of -seun se hande word. Indien ŉ kind nie van ŉ skoolmaat hou nie, gebruik hy dan verskillende maniere om ŉ skoolmaat se naam af te breek.



3 Die kuberboelies versprei daarom aspris negatiewe of onwaar skinderstories om die slagoffer seer te maak en sleg te laat voel. En dis natuurlik soveel makliker om katterig te wees as jy nie die teiken van jou valse kwaadpratery in die gesig hoef te kyk nie wanneer jy hom of haar met modder gooi.

4 Maar wat is kuber-boeliery? Dit is stories wat nie waar is nie, lelike aanmerkings en dreigemente waarmee kuberboelies hulle slagoffers op sosialemediaplatforms viktimiseer.

5 ŉ Kind wat aanmekaar geboelie word, kan depressief raak en sy skoolwerk kan daaronder ly. Dit kan ook sielkundige skade doen, kinders kan byvoorbeeld ŉ minderwaardigheidsgevoel ontwikkel wat selfs eendag ŉ negatiewe effek op hulle lewens as volwassenes kan hê.

6 As ouers nie wil hê dat hul kinders negatief beïnvloed word nie, is dit belangrik om iets daaraan te doen.

7 Een ding wat ouers kan doen, is om te monitor watter webtuistes hul kinders besoek en met wie hulle gesels wanneer hulle aanlyn is. Dit sal ook ŉ goeie idee wees om die rekenaar op ŉ plek in die huis te plaas waar jy makliker kan sien wat hulle op die web doen.

8 As ouers spontaan of openlik met hul kinders is, kan hulle met hulle oor hierdie sake praat. Dit maak dit vir die kind maklik om aan die ouer te vertel as hulle deur iemand aanlyn of deur hul selfoon geboelie word.

9 Dit is die ouers se verantwoordelikheid om hul kinders te leer hoe om hulself by die skool en op die internet te beskerm. Dit is ook hul plig om seker te maak dat hulle kinders nie ander boelie nie, want dit is verkeerd en niemand verdien om deur so iets te gaan nie.

10 

Kinders moet geleer word om nie op ʼn kuberboelie se lelike en negatiewe boodskappe te reageer nie. As kinders stilbly, maak hulle hul nie ook skuldig aan boeliegedrag nie.

11 Alle bewyse van boeliegedrag soos WhatsApps wat die kind liggaamlik en emosioneel bangmaak, moet gebêre word. Maak ook skermskote van boodskappe en stuur dit aan ʼn verantwoordelike familielid van die boelie en bespreek dit met die skoolsielkundige. Stop boeliegedrag voor dinge lelik raak, omdat dit gewoonlik met verloop van tyd ook aggressiewer kan raak.

12 Gaan dadelik met enige bewys na die polisie. In baie gevalle kan die kuberboelie krimineel vir sy gedrag vervolg word.

13 Ouers moet hul seun of dogter nooi om openlik met hulle oor boeliegedrag en hulle gevoelens te praat. Ouers moet seker maak hulle kinders verstaan dit is nie hulle skuld nie. Die kind hoef nie daaroor skaam te voel nie. Die probleem lê by die boelie en nié by die kind nie.

14 Laastens moet ouers met hul kinders oor die verantwoordelike gebruik van sosiale media praat. Alles wat die kinders aanlyn pos, kan teen hulle gehou word en dit wys eintlik hulle karakter aan die wêreld.

15 Sosiale media was nog nooit bedoel om iemand seer te maak nie. Dit is dus nie reg om die tegnologie of die mense wat hierdie tegnologie geskep het te blameer nie. Die een wat jy moet blameer, is hulle wat met lelike gedagtes in die kuberruimte rondgaan en soek na 'n gewillige of onskuldige prooi!



16 Veroorsaak sosiale media boeliegedrag? Soek eerder die fout by onetiese en gevoellose internetgebruikers.

[Verwerk en aangepas uit http://ciskano1.com/pietventer/boelies.html/ https://jougesin.solidariteit.co.za/hanteer-jou-kind-se-kuberboelie/. Toegang op 04 Januarie verkry.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat is die nuwe gevaar in paragraaf 1? (1)

1.2 Hoekom word daar in paragraaf 2 van skoolterreine gepraat? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.Skryf net die vraagnommer en antwoord neer. (1)

ʼn Selfoon is ʼn wapen in ʼn kind se hand beteken dat jy iemand (fisies/emosioneel) skade doen.

1.4 Watter WOORD in paragraaf 2 wys dat kinders **baie** in die kuberruim geboelie word? (1)

1.5 Wat beteken dit as iemand katterig optree? (1)

1.6 Jy gooi iemand met modder. (paragraaf 3):

1.6.1 Word hierdie stelling letterlik of figuurlik gebruik? (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.6.1. (1)

1.7 Watter antwoord is nie korrek nie? Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer. (1)

Hierdie artikel ...

A is ŉ waarskuwing vir kinders wat ander boelie.
B gee raad aan kinders wat geboelie word.
C sê dat boeliery nie net by skole plaasvind nie.
D sê dat boeliery nie ernstig opgeneem moet word nie.

1.8 Noem TWEE gevolge van boeliery op kinders. (2)

1.9 Dink jy dit is ŉ goeie idee dat ouers hul kinders monitor en ook kyk na watter webtuistes hulle besoek? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Hoekom moet bewyse van boeliery aan ŉ verantwoordelike familielid gestuur word? (1)

1.11 Wat impliseer die skrywer dat die boelie met verloop van tyd aggressiewer raak? (1)

1.12 Hoekom is dit, volgens paragraaf 10, beter as ŉ kind nie op ŉ boelie se slegte boodskap reageer nie? (1)

1.13 Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde aan (paragraaf 12) wat impliseer dat die boelie moontlik tronk toe kan gaan of ŉ boete kan kry. (1)

1.14 Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by die woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.14.1–1.14.3) neer, bv. 1.14.4 E.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Kuberboelie | A | Hoef nie skaam te voel nie |
| 1.14.2 | Slagoffers | B | Nie bedoel om iemand seer te maak nie |
| 1.14.3 | Internet | C | Sien sosiale media as ŉ wapen |
| | | D | Positiewe effek op volwassenes |

(3 x 1) (3)

1.15 Jy moet 'n paar keer geboelie word voordat jy na die polisie mag gaan.

Haal 'n sin aan wat hierdie stelling as ONWAAR bewys. (1)

1.16 Hoekom hoef die kind (paragraaf 13) nie skaam te wees as hy/sy geboelie word nie? (1)

1.17 Na wie verwys 'n *gewillige of onskuldige prooi* in paragraaf 15? (1)

1.18 Hoe, dink jy, kan dinge wat jy aanlyn pos teen jou gehou word? Noem EEN moontlikheid. (1)

1.19 Hoekom, dink jy, is sosiale netwerke geskep? (1)


1.20 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die antwoord op die vraag in paragraaf 16 lê in die laaste sin.

Ons kan daarom aflei dat hierdie antwoord (ja / nee) is. (1)

Kyk goed na die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Aangepas uit *Die Burger*, 14 Mei 2014]

**VRAE**

1.21 Gee EEN moontlike rede hoekom die kinders in die jare 2016+ uiters vet geword het. (1)

1.22 X, XL, XXL en XXXL verwys gewoonlik na die grootte van klere. Waarna verwys hierdie simbole in die prent? (1)

1.23 Gee EEN rede waarom generasie X moontlik maerder as die ander generasies is. (1)

1.24 Hoe kan jy uit die prent aflei dat kinders in Generasie Super XXXL nie tevrede met hulle gewig is nie? (1)

1.25 Watter boodskap word deur die prentjies aan weerskante van die opskrif oorgedra? (1)

1.26 Watter afleiding kan jy maak dat die seuntjies in Generasie XXL en Generasie Super XXL geen skoolsakke dra nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **hoe ouers kan voorkom dat hulle kinders nie afgeskeep word nie** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1–7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**OUERS KAN VOORKOM DAT HULLE KINDERS NIE AFGESKEEP WORD NIE!**

In ons moderne lewe is al twee ouers verplig om te gaan werk as gevolg van finansiële redes. Dit het ŉ negatiewe invloed op ouerskap. Hier volg ŉ paar wenke wat belangrik is om te voorkom dat ouers nie hulle kinders afskeep nie.

Dit het by die moderne ouers mode geword om hul sorg by hul kinders te verminder deur duur TV- en rekenaarspeletjies te koop. Kinders moenie toegelaat word om heeldag binne te sit en elektroniese speletjies te speel nie. Ouers kan interessante aktiwiteite uitdink wat hulle saam met hulle kinders kan doen. Dit lei na kreatiewe kinders wat dinge vir hulself kan doen en ook wat self kan dink. As ouers ook hul kinders se vrae beantwoord, sal hulle veilig en benodig voel. Kinders mimiek baie maal hulle ouers se optrede. Dit is baie belangrik dat ouers ŉ goeie voorbeeld en rolmodel vir hulle kinders moet wees.

Speel is die beste manier om nuwe dinge te probeer, foute te maak, te leer en te onthou. Daarom is dit belangrik dat kinders moet speel en hulle verbeelding gebruik. ŉ Groot speelgoedmaatskappy wou sy mark toets vir watter tipe speelgoed die populêrste is. Meer as 90% van die kinders het geantwoord dat hulle meer kwaltiteit tyd saam met hul ouers wil spandeer. Ouers wat vir hul kinders omgee, neem verantwoordelikheid vir hulle kind se lewe en niks of niemand mag ŉ ouer vervang nie.

[Verwerk en aangepas http://pd.voortrekkers.org.za/pdf/Artikels/OUERSKAP.pdf. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Aangepas en verwerk uit GOOGLE PICTURES]

**VRAE**

3.1 Wat moet ʼn mens doen om hulp by OUT-surance te kry? (1)

3.2 Watter antwoord is ONWAAR? Skryf net die korrekte vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv. 3.2 E.

Die leser word gemanipuleer om ʼn kliënt van OUT-surance te word ...

A deur die prent van die meisie wat die motor stoot.
B deur die woorde *waar jy altyd iets uitkry*.
C deur die woorde *ons is net ʼn klik weg.*
D deur die gebruik van vetgedrukte woorde. (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Die TUSSENWERPSEL wat die meisie se woorde in die advertensie die beste sal voltooi is (Sjoe!/Foeitog!) Ek is moeg. (1)

3.4 Vir watter deel van ʼn woord staan die afstandskoppelteken in die onderstaande sin?

Ons spesialiseer in motor- & huisversekering. (1)

3.5 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord in die volgende sin:

Die motor het ʼn (dood) battery. (1)

3.6 Watter woord maak die advertensie persoonlik? (1)

3.7 Herskryf die sin en skryf die deel tussen hakies in die infinitief.

As jy iemand nodig het (sleep jou motor na die naaste diensverskaffer), skakel OUT-surance. (1)

3.8 Watter voegwoord word met die & in ***Motor & Huisversekering*** geïmpliseer? (1)


3.9 Gee ʼn sinoniem uit die advertensie wat dieselfde as ***verniet*** beteken. (1)

3.10 Hoekom gebruik die adverteerder ʼn vrou en nie ʼn man in die advertensie nie? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E




[Aangepas: Onbekende bron]

**VRAE**

4.1 Waarvoor staan die musieknote in raampie 1? (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord om die sin korrek te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die seuntjie in raampie 3 staan op sy (kniee/knieë). (1)

4.3 Hoekom is die seuntjie in raampie 4 ongelukkig? (1)

4.4 Gee die VERKLEININGSVORM van die vetgedrukte woord in die volgende sin

Ek wil vir my ma ŉ hartjie en ŉ **blom** gee. (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Ek wil my vir ma ŉ hartjie en ŉ blom gee.

Begin so: Die seuntjie sê dat ... (1)

4.6 Gee die INTENSIEWE VORM vir die vetgedrukte woord. Skryf net die woord as jou antwoord neer.

In raampie 5 hardloop die seuntjie **vinnig** na sy ma toe. (1)

4.7 Voltooi die sin met die korrekte VOORSETSEL.

Die ma raas ... die seuntjie. (1)

4.8 Hoe weet ons dat die seuntjie in raampie 4 ongelukkig is? (1)

4.9 Hoe weet ons dat die ma, in raampie 6, op die seuntjie skree? (1)

4.10 Wat dink jy skree die ma vir die seuntjie in raampie 6? Jou antwoord moet nie meer as VYF woorde wees nie. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

### TEKS F

**VUVUZELAS: EIE AAN AFRIKA**

Baie mense hou van die Vuvuzela se geluid terwyl ander nie. Maar as ŉ mens van die vuvuzela praat, verwys (5.1 ...) na die geluid wat dit maak.

Die mense sê dit lyk asof die (5.2 **koedoe)** se horing die vuvuzela se oeroupa is. (5.3 Ou Afrika-stamme het ŉ koedoehoring geblaas) om stamlede bymekaar te roep. (5.4 Sokkerentoesiaste het later dieselfde geluid probeer namaak.) Hulle het toe ŉ blaasinstrument van blik gemaak.

In die 1990's het twee (5.5 Kaap) besluit om dié blaasinstrument van plastiek te maak. (5.6 Hulle het aanhou probeer tot die koedoehoring se klank perfek nagemaak is.) Eers in 2004 het hulle die (5.7 nuwe) blaasinstrument geregistreer. In Zoeloe beteken dit "om groot geraas te maak".

(5.8 Sokkertoeskouers hou van die vuvuzela.) (5.9 Daarmee kan jy jou vreugde oor of jou teleurstelling in jou span se spel uitdruk.) Die hoofdoel is om te wys dat jy die spelers ondersteun. (5.10 Jy blaas harder. Die spelers speel beter.)

(5.11 Judith Sephuma, bekende jazz-sangeres, sê dat sy mal daaroor is.) Ons is Afrikane en ons mag geraas maak. Toe die sokkerondersteuners eenkeer in Bloemfontein saam met die geluid van die vuvuzela gesing het, was dit een van die mooiste klanke wat sy nog ooit gehoor het. (5.12 Sy glo dis pret want dit bou spangees en dis ons eie.)

(5.13 Meneer) Sepp Blatter, die president van Fifa, het gesê dit is Afrika se kultuur. Suid-Afrikaners het dit in die (5.14 19$^{de}$) Fifa-Wêreldbekertoernooi gebruik. Hulle beoefen hul kultuur wanneer hulle kan.

[Verwerk en aangepas uit Leesbegrip. Afrikaans Eerste Addisionele Taal/V1 DBE/November 2010]

5.1 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

As ŉ mens van die vuvuzela praat, verwys ... na die geluid wat dit maak. (1)

5.2 Kyk na die WOORDEBOEKINSKRYWING. Op watter deel van die woord word die klem geplaas? Skryf slegs die deel van die woord wat klem dra as antwoord neer.

Koeˈdoe s.nw [~s] (<Xh.) (1)

5.3 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Ou Afrika-stamme het ŉ koedoehoring geblaas. (1)

5.4 Herskryf die volgende sin en begin met die onderstreepte woord.

Sokkerentoesiaste het **<u>later</u>** dieselfde geluid probeer namaak. (1)

5.5 Vorm ŉ PERSOONSNAAM met die woord tussen hakies.

In die 1990's het twee (Kaap) besluit om dié blaasinstrument van plastiek te maak. (1)

5.6 Herskryf die volgende sin in ŉ VRAAGSIN.

Hulle het aanhou probeer tot die koedoehoring se klank perfek nagemaak is. (1)

5.7 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Eers in 2004 het hulle die (nuwe) blaasinstrument geregistreer. (1)

5.8 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Sokkertoeskouers hou van die vuvuzela. (1)

5.9 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Jy kan jou vreugde oor jou span se spel uitdruk. (1)

5.10 VERBIND die sinne met die woorde wat gegee word.

Jy blaas harder. Die spelers speel beter.

Begin so: Hoe harder ... (1)

5.11 Skryf die sin in die DIREKTE REDE.

Judith Sephuma sê dat sy mal daaroor is. (1)

5.12 Skryf die sin oor en vul die ontbrekende LEESTEKEN op die korrekte plek in.

Sy glo dis pret want dit bou spangees en dis ons eie. (1)

5.13 Skryf die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

(Meneer) Sepp Blatter het gesê dit is Afrika se kultuur. (1)

5.14 Skryf die GETAL tussen hakies in woorde.

Suid-Afrikaners het dit in die (19$^{de}$) wêreldbekertoernooi gebruik. (1)

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit www.neelsie.co.za]

5.15 Gee die korrekte TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Die (lag) kind staan op die tafel. (1)

5.16 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die kind (spuit/spyt) die onderwyser met ’n tuinslang nat. (1)

5.17 Gebruik die homoniem van **leer** in ’n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Hierdie kinders moet ’n les leer. (1)

5.18 Vorm ’n samestelling met die woorde tussen hakies.

Meneer het nie ’n (tafel + doek) op sy tafel nie. (1)

5.19 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

Die (stout) kind hang aan die skryfbord. (1)

5.20 Herskryf die volgende sin en verbeter die taalfout.

Meeste kinders in die klas is stout. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou